KRUISKERK
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Tema:** Kerk-wees as Misterie. "…bid tot jou Vader wat in die Verborgenheid is."

**Skriflesing:** Matteus 6: 6-15

BROODJIES VIR DIE PAD

- ◊ *Verwelkoming en bekendstelling*
- ◊ *Christuskerse: Erna en Hannie*
- ◊ *Openingsgebed*
- ◊ *Lied 188*
- ◊ *Skriflesing: Matteus 6*
- ◊ *Nadenke*
- ◊ *Kollekte met Francois se musiek*
- ◊ *Gesels*
- ◊ *Onse Vader gebed*
- ◊ *Seën*
- ◊ *Amen*
- ◊ *Francois en Yuhan se uitvoering*

Lied 188:
Kom, dank nou almal God
Met hart en mond en hande;
Loof Hom wat wonders doen
tot in die verste lande.
Van vroeg van kindsbeen af,
Het Hy ons trou bewaar
En tot vandag toe nog
Geseën en gespaar.

O God,so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe,
altyd 'n blye hart;
as dit U wil is: vrede.
Laat U genade ons
beveilig teen gevaar,
In donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
U krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

"Mystery, unlike a mere dilemma, cannot be overcome; one must wait patiently at its threshold and persevere in it—must carry it in one's heart—just as Jesus's mother did according to the Gospel, and allow it to mature there and lead one in turn to maturity."
— Tomáš Halík, Patience with God: The Story of Zacchaeus Continuing In Us of Zacchaeus Continuing In Us

"In the spirit of Paul the apostle, we should not ask for the body of Christianity to be freed from the thorn of atheism. That thorn should instead constantly awaken our faith from the complacency of false certainties, so that we rely more on the power of grace—a grace that shows itself most in our times of weakness."
— Tomáš Halík, Patience with God: The Story of Zacchaeus Continuing In Us

"The mystery of human existence lies not in just staying alive, but in finding something to live for."
— Fyodor Dostoyevsky, The Brothers Karamazov

"Truth happens in the course of dialogue. There is always a temptation to allow our answers to bring to an end the process of searching, as if the topic of the conversation was a problem that has now been solved. But when a fresh question arrives, the unexhausted depths of mystery show through once more. Let it be said over and over again: faith is not a question of problems but of mystery, so we must never abandon the path of seeking and asking. Yes,"
— Tomáš Halík, Patience with God: The Story of Zacchaeus Continuing In Us

For all the debate about belief and non-belief in today's world—and how everyone becomes pigeonholed by one or the other— Tomáš Halík teaches that God requires us to persevere with our doubts, carry them in our hearts, and allow them to lead us to maturity. For Halík, patience is the main difference between faith and atheism. Faith, hope, and love are three aspects of patience in the face of God's silence, which is interpreted as "the death of God" by atheists and is not taken seriously enough by fundamentalists. Using the gospel story of Jesus's encounter with Zacchaeus, Halík issues an invitation to all people who stand (like Zacchaeus did) on the sideline—curious but noncommittal. The fact that Jesus gravitated to the poor and the marginalized means that he also has a special place in his heart for diligent seekers on the margins of the community of believers.
— Tomáš Halík, Patience with God: The Story of Zacchaeus Continuing In Us

Pietà – Elisabeth Eybers

*By die beeld van Michelangelo*
*in die Sint-Petruskerk, Rome*

Hy is weer waar hy hoort, haar eerste seun:
die spanninglose liggaam weeg nog warm,
die vreemd-volwasse hoof hang oor haar arm,
sy beur haar regterknie om hom te steun.

Nou kan sy hom sorvuldiger beskou...
die fyn ovaal van haar gelaat word weer
jonk en verwonderd soos die eerste keer:
so sal sy hom 'n leeftyd lank behou.

En weer gewaar sy: elke groot pyn bring
die stilte, peilloos van versadiging...
Al het geen ander vrou hom ooit vervreem
word alle seuns uithuisig op die duur.
Sy makkers sal hom uit haar skoot kom neem,
soos vroeër ook, maar nou's dit nog háár uur.

---

## BROOD VIR DIE PAD

### Al gehoor van iemand wat aanlyn wil braai?

Johann Rossouw

'n Orrel en 'n kansel en 'n kanselkleed en 'n dominee in 'n toga. Vir die meeste lesers van hierdie rubriek bo die ouderdom van 45 is dit 'n bekende toneel uit ons jeug.

Dit is asof die feestelike ete per definisie 'n ritueel is, 'n ervaring van samesyn en gemeenskap.
Die afgelope weke het joernaliste en skrywers soos Pieter Malan, Dana Snyman, Koos Kombuis en Izak du Plessis almal op een of ander manier verlangend na hierdie toneel uit hul jeug verwys.

Maar wát is dit waarna hier verlang word? 'n Eerste antwoord sou kon wees dat dit verlange na jeugdige onskuld is, vir lesers van dié ouderdomsgroep 'n nog intenser verlange omdat daardie element van onskuld staan in kontras met soveel ander aspekte van skuld van die voormalige politieke bedeling waartydens ons jeug afgespeel het.

As ons met heimwee terugdink aan daardie vrome dominee op daardie kansel met daardie orrelmusiek, dan hoef ons nie al die ander dinge te onthou wat destyds verkeerd en onmenslik was nie.

'n Tweede moontlike antwoord op waarna verlang word, is 'n ervaring van gewydheid, van heiligheid – dit wat in die sekulêre Weste by wyse van spreke nog tot eergister nooit bevraagteken is nie. Maar vir óns is die spesifieke vorm waarin ons daardie gewydheid en heiligheid beleef het, nie meer vanselfsprekend nie. Sommige van ons het ons geloof verloor, baie kerke het hul orrels prysgegee, en om 'n dominee te vind wat nog Sondagoggend in 'n toga preek, sal jy ver moet soek.

Met al hierdie dinge is grootliks weggedoen in 'n drif ná 1994 om ten alle koste "vriendelik" en "inklusief" te wees – verstaanbaar gegewe die onvriendelikheid, die uitsluitendheid en die liefdeloosheid wat dikwels in die vorige bedeling aan die orde van die dag was. Maar net omdat die staat se koöptering van die Kerk so deeglik was, beteken dit nie dat die antwoord is om met al daardie aspekte van gewydheid en heiligheid weg te doen nie. Want wat is dit wat insluit en vriendelik is as jy alles vir almal probeer wees? Juis dit is hoekom die ervaring van om ingesluit te word in die gewyde en die heilige juis so kosbaar is.

'n Derde moontlike antwoord op die vraag waarna verlang word, is na die ervaring van gemeenskap, van 'n samesyn met betrekking tot dit wat groter en hoër en meer misterieus as ons is.

Dit bring ons by die debat wat by die onlangse sinode van die Gereformeerde Kerke van SA gevoer is oor of mense by die erediens teenwoordig behoort te wees of nie – 'n debat wat intussen in die Afrikaanse media voortgesit is, en wat gevoer word teen die agtergrond van die noodmaatreël wat sommige kerkverbande getref het om in die Covid-19-pandemie eredienste aanlyn uit te saai eerder as om geen erediens te hou nie.

Die verlange is na die gewydheid, na die orrelmusiek, na die gemeenskap.
'n Interessante aspek van die argumente vir of teen die fisieke bywoning van die erediens, is die gewig wat aan die preek as element van die erediens toegeken word. 'n Mens kan tog ook tuis na die preek luister, word aangevoer, en waarom sou dit dan noodsaaklik wees om die erediens persoonlik by te woon?

So belangrik as wat die preek mag wees, is dit nie al waaroor 'n erediens gaan nie, soos inderdaad bevestig word deur die verlange van die skrywers en joernaliste waarna hierbo verwys word. Nie een van hulle spreek die verlange na die preek uit nie. Nee, die verlange is na die gewydheid, na die orrelmusiek, na die gemeenskap.

Om hierdie punt verder te beklemtoon, kan ons verwys na die oermenslike ritueel van die samesyn rondom kos en drank, die feestelike ete. Dit is asof die feestelike ete per definisie 'n ritueel is, 'n ervaring van samesyn en gemeenskap.

Om dit te bevestig, hoef ons niks verder te soek nie as 'n ritueel waarmee die meeste Afrikaners nie net intiem vertroud is nie, maar waaraan ons ook geesdriftig meedoen, naamlik om te braai. 'n Mens sou ook 'n hele boek kon skryf oor die groei in die betekenis van die braai ná 1994, en die rede hiervoor is voor die hand liggend – ons het hier te make met 'n vertroude ritueel waar die deelnemers per definisie veilig, welkom en ingesluit voel, soos dit tipies met rituele die geval is. Rituele word per definisie gevier deur geesgenote, en die braai is geen uitsondering nie.

Soos die ruimtes waar Afrikaners ná 1994 welkom en tuis voel al hoe minder geword het, het die braai ál belangriker geword, tot dit mettertyd selfs daar-toe gelei het dat die enigste openbare vakansiedag wat ons almal met oorgawe

vier Erfenisdag is, en wel in die spesifieke vorm van . . . Nasionale Braaidag.

Nou wat het dit alles te doen met die verlange na die ou erediens en die vraag oor of ons persoonlik by die erediens behoort te wees of nie? Ook dit is voor die hand liggend. Geen enkele persoon wat ’n braai reël of wil bywoon, oorweeg dit eers vir ’n oomblik om dit aanlyn te doen nie. Hoekom nie? Omdat ons instinktief weet dat persoonlike bywoning van en deelname aan die ritueel die kern van die ervaring van gemeenskap is.

Sommige van ons wat hierdie verlange nie langer kon onderdruk nie (en wie kan dit op die lange duur onderdruk?) het aangesluit by die ouer, liturgiese ryke kerkverbande. Die klassieke Christendom en trouens Christus self het hierdie waarheid baie goed verstaan, en daarom is die hoof-ritueel waar die Kerk beslag kry nie die preek nie maar ’n feesmaal, naamlik die Heilige Kommunie of nagmaal, wat gestig word wanneer Christus by die laaste ete en drinke saam met sy dissipels dit verhef tot die éérste ete en drinke: “Neem, eet, dit is My Liggaam . . . Drink almal daaruit, dit is My Bloed . . .”

Reeds uit die boek Handelinge en ander bronne weet ons dat die vroeë Christene gekenmerk is deur die saamwoon in klein gemeenskappies en die daaglikse breek van die brood en drink van die wyn.

Die probleem vir die meeste Afrikaners is dat die kerkverbande waarin ons grootgeword het hierdie fees in die reël maar eens elke drie maande gevier het.

En daarom is soveel van ons geneig om die preek te oorbeklemtoon, terwyl ons dalk veel verder sal kom as ons aandagtig luister na ons verlangens na die elemente van gewydheid en heiligheid, oftewel na daardie liturgiese elemente waarmee ons gelukkig nog grootgeword het – die toga, die kansel, die kanselkleed, die orrel.

Sommige van ons wat hierdie verlange nie langer kon onderdruk nie (en wie kan dit op die lange duur onderdruk?) het aangesluit by die ouer, liturgiese ryke kerkverbande, soos die Ortodokse, die Katolieke en die Anglikaanse kerke. En in die proses agtergekom ons hoef nie na die katedrale en kapelle van Europa te reis nie, maar kan plaaslik tuiskom in ons eie katedrale en kapelle.

’n Ander manier om daardie verlange te vervul, is vir die kerkverbande van ons jeug om die ouer liturgiese tradisies te herontdek en weer deel van die aanbidding te maak. Per slot van rekening het Calvyn elke Sondag die Heilige Kommunie gevier.

Wat wel seker is, is dat daardie spesifieke verlange nooit werklik gestil kan word buite dit wat die gemeenskap van die gelowiges genoem word nie. Daardie gemeenskap wat ontstaan het uit die diepste verlange na die hoogste, naamlik God.

*Netwerk24*